

# Kontinentale kontak en invloed op die Afrikaanse geskiedbeoefening

*PROF. PIETER KAPP\**

Die oogmerk met hierdie referaat is om die kontak met en moontlike invloed van die kontinentale tradisie op die beoefening van die vak geskiedenis in Suid-Afrika te probeer nagaan. Die studie word doelbewus tot die kontinent beperk, enersyds omdat hierdie 'n bilaterale Nederlands-Suid-Afrikaanse byeenkoms is en andersins omdat die Anglo-Amerikaanse invloed op Suid-Afrikaanse geskiedenis so 'n omvang aanneem dat dit 'n onhanteerbare onderwerp is. In die praktyk beteken kontinentaal in werklikheid België, Duitsland en Nederland omdat akademiese kontak met ander lande, veral vanweë die onbekendheid met hul tale, haas nie bestaan het nie. Frankryk is 'n klein uitsondering omdat daar wel historici is wat in ook in Frankryk studeer het (prof. H.B. Thom), of Franse universiteite besoek en mee kontak opgeneem het (Van Jaarsveld) of wat redelik gemaklik in Frans was (prof. M. Boucher). Suid-Afrika beteken in werklikheid Afrikaans omdat in en deur Engels weinig kontak met en beïnvloeding deur Nederland, Vlaandere en Duitsland bestaan.

## **1. Stellings**

Ten einde dit makliker te maak om die gang van die referaat te volg, sal ek met die goeie Nederlandse doktrale gebruik begin om 'n paar stellings oor die onderwerp aan u voor te hou. Hopelik slaag die referaat daarin om ten minste sommige van hierdie stellings toe te lig:

- 1.1. Geskiedenisdepartemente aan die meeste Afrikaanse universiteite is óf regstreeks óf onregstreeks op grond van sterk Duitse en Nederlandse historiese tradisies gevestig.
- 1.2. Die opleiding van historici aan Afrikaanse universiteite het tot die jare sestig veel sterker in die kontinentale eerder as die Anglo-Amerikaanse

---

• Prof. P.H. Kapp is verbonde aan die Departement Geskiedenis, Universiteit Stellenbosch. Hy is ook voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

tradisie geskied, maar daarna veel sterker beïnvloeding uit veral die VSA ondergaan. Tog is daar in die basiese benadering steeds 'n duidelike kontinentale invloed waarneembaar.

- 1.3. Die kontinentale invloed bereik sy hoogtepunt in die jare vyftig waarna dit toenemend op die agtergrond geplaas word deur twee nuwe ontwikkelinge.
- 1.4. Nederland se akademies-kulturele isolasie van Suid-Afrika speel wel 'n rol in hierdie verband maar word as faktor deur ontleders te eensydig gestel.
- 1.5. Die grondslae van die Afrikaanse geskiedbeoefening is op Johan Huizinga se definisie van geskiedenis en die Duitse metodologiese tradisie gebou. Daardie definisie en tradisie is egter nie altyd reg verstaan of volledig verwerk nie.
- 1.6. Die tipering van Afrikaanse geskiedskrywing as uitsluitlik Afrikanernasionalisties is eensydig en gee nie erkenning aan 'n hele aantal ander temas en faktore nie.
- 1.7. Die rol van teoretiese besinning oor die vak het 'n gevestigde plek aan Afrikaanse universiteite, maar geniet nog nie voldoende diepgaande aandag nie.
- 1.8. Die aandrang op vernuwing in die Afrikaanse geskiedskrywing is geregverdig, maar dikwels om die verkeerde redes.
- 1.9. België, Nederland en Duitsland het hulle akademiese aantreklikheid vir jong studente van Suid-Afrikaanse universiteite grotendeels verloor ten koste van die VSA.
- 1.10. Suid-Afrikaanse historici, en by name Afrikaanse historici, het veel baat te vind by herstel van die noue kontak met die kontinent.
- 1.11 Die dalende studente/leerlinggetalle is 'n verskynsel wat op die kontinent en in Suid-Afrika dieselfde kontoere vertoon. Daarom is indringende en meer populêrgerigte deurlopende besinning oor die akademies-kulturele rol en funksie van geskiedenis in die samelewing nodig.

## **2 Hoe word kontak en beïnvloeding bepaal?**

Daar word van die volgende vier maatstawwe gebruik gemaak om te probeer bepaal wat die aard en omvang van kontak en moontlike beïnvloeding was:

- Die opleiding en agtergrond van dosente en geskiedskrywers.
- Die mate van internasionale skakeling by wyse van navorsing in argiewe en by institute, die deelname aan konferensies, betrokkenheid by en deelname aan internasionale publikasies en samewerking op individuele of institusionele grondslag.
- Die tematiek wat in kursusse wat aangebied word en in navorsing deur dosente en vir nagraadse grade weerspieël word.

- Die aandag wat aan teoretiese aspekte van die vak gegee word en in hoe 'n mate bepaalde denkrigtings of verwysingsraamwerke daarin geakkommodeer word.

### **3. Agtergrond en opleiding**

Wanneer Geskiedenisdepartemente in Suid-Afrika se oorsprong nagegaan word, is dit duidelik dat daar van vroeg af twee tradisies gevestig geraak het. Aanvanklik was dit 'n uitsluitlik Engelse tradisie binne die kader van die negentiende eeuse Britse monargaal-imperiale beskouing en later 'n Afrikaanse tradisie gevestig deur Nederlanders wat aan die selfstandige geskiedenis van Suid-Afrika 'n eie plek toegeken het.

#### **3.1 Die eerste geslag**

Geskiedenis het op Stellenbosch tot 1904 'n onderafdeling eers van Classical Studies en later van Modern Languages and Literature gevorm. Nederlanders soos prof. N. Mansvelt en prof. W.S. Logeman van Utrecht en 'n Afrikaner, prof. W.J. Viljoen, wat in Leiden en Straatsburg gestudeer het, het Geskiedenis in hierdie kader gedoseer.<sup>1</sup> Hierdie dosente het verseker dat Europese geskiedenis naas Britse geskiedenis gedoseer is, maar nog geen Suid-Afrikaanse geskiedenis nie. In 1904 het 'n selfstandige Departement Geskiedenis tot stand gekom met E.C. Godée Molsbergen (1875-1940, professor tot 1910) as eerste professor in Geskiedenis. Hy was 'n student van prof. P.J. Blok in Leiden waar hy in 1902 sy doktorsgraad behaal het op 'n proefskrif *Frankrijk en de Republiek der Vereenigde Nederlanden, 1648-1662*. Hoewel hy net tot 1910 sou bly, het Godée Molsbergen in twee opsigte 'n belangrike invloed uitgeoefen. Eerstens het hy Suid-Afrikaanse geskiedenis tot 1873 by die kursus ingesluit en met die instelling van die MA in 1910 'n navorsingsopstel as deel van die kursus vereis.<sup>2</sup> In 'n ander opsig sou sy werk ook die voorspel word tot 'n patroon in Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, nl. die verskillende bevolkingsdele se wedersydse vyandigheid teenoor mekaar se interpretasie van die geskiedenis, in hierdie geval tussen Engels en Afrikaanssprekendes. Sy handboek vir skole, wat geskryf is om Suid-Afrikaanse leerlinge 'n deeglike en eiesoortige kennismaking met hulle eie geskiedenis te bied, is in die Engelse pers en geleedere vyandig ontvang. Hy is van indoktrinasië beskuldig en sy boek deur die Transvaalse Direkteur van Onderwys op die swartlys geplaas omdat dit te eksplisiet aandag op die Afrikaner se geskiedenis en stryd gevestig het. Godée Molsbergen het die studente aangeraai

In uw geschiedenis ontsteelt men u het erfdeel dat u toekomt; strijdt voor het vaderland met wettige middelen.<sup>3</sup>

- 
1. Vir 'n vollediger bespreking kyk D.J. VAN ZYL, "Geskiedenis op naskoolse vlak op Stellenbosch, 1874-1918" in *Die Unie*, November 1976, pp.200-204; D.J. KOTZE, "Departement Geskiedenis" in H.B. THOM, *Stellenbosch 1866-1966: Honderd Jaar Hoër Onderwys*, (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1966), p.85.
  2. A.J. BOËSEKEN, "Lewe en werk van prof. E.C. Godée Molsbergen" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 17(1), April 1975, pp. 3-27.
  3. *Ibid.*, p.14.

Aan navorsing het Godée Molsbergen betreklik min aandag gegee maar tog 'n benadering gevestig wat vir etlike dekades daarna 'n kenmerk van die Departement sou word: toespitsing op navorsing oor die Nederlandse tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.<sup>4</sup> Die eerste doktorsgraad wat deur 'n oudstudent van die Departement behaal is, was dié van Leo Fouche in 1909 aan die Universiteit van Gent. Die studie het oor die Kompanjietyd gehandel.<sup>5</sup>

Prof. W. Blommaert (1886-1934) het in 1910 tydelik by Godée Molsbergen oorgeneem en is in Julie 1911 permanent aangestel. Hy was 'n oudstudent van Henri Pirenne te Gent. Blommaert was 'n entoesias van die Vlaamse Beweging en het hom in Suid-Afrika aan die kant van die Afrikaanse Beweging vir gelyke taalregte geskaar. Die aansien en status wat hy geniet het, blyk uit die feit dat hy die tweede van drie Geskiedenisprofessore<sup>6</sup> sou wees wat Rektor van die universiteit geword het (1927-1933) in die amp wat toe as voorsitter van die Senaat bekend gestaan het. Blommaert het die wetenskaplike bestudering van die Geskiedenis vooropgestel en in twee opsigte hiertoe 'n sleutel bydrae gelewer. Die een is deur die kursus in metodologie wat hy op nagraadse vlak ingestel het en die wyse waarop hy Ranke se seminaarmetode aan die universiteit gevestig het. Hoewel hy self net beperkte aandag aan navorsing kon gee, het hy hierdeur 'n groot rol gespeel om 'n navorsingstradisie te vestig wat veral uit die aantal doktorsgraadstudente wat die universiteit tot 1934 sou oplewer, blyk.<sup>7</sup> Hy was ook instrumenteel om studente aan te moedig om hulle studies in Duitsland en Nederland voort te sit, wat daartoe gelei het dat ses Geskiedenisstudente teen 1934 daar gaan studeer het.<sup>8</sup> Blommaert het ook die belangstelling in die Kompanjietyd voortgesit, wat die aandag op die bande tussen Nederland en Suid-Afrika gevestig het.

In 1918, toe die Victoria Kollege in die Afrikaanse Universiteit Stellenbosch omskep is, is die eerste Suid-Afrikaner in die nuutgeskepte Jan Maraisleerstoel in Suid-Afrikaanse geskiedenis aangestel in die persoon van S.F.N. Gie (1884-1945). Hy het in 1905 sy BA in Moderne Tale aan die Victoria Kollege verwerf en van 1912 tot 1916 aan die Universiteit van Berlyn onder Friedrich Meinecke gestudeer.

- 
4. Meer besonderhede daarvoor word vervat in die nog ongepubliseerde artikel van P.H. KAPP, Stand van navorsing oor die Kompanjietyd.
  5. *Tien jaar uit de Wordingsgeschiedenis der Boeren, 1652-1661*. Fouche sou die eerste professor in Geskiedenis aan die Transvaalse Universiteitskollege word (1909-1934) en daarna professor aan die Witwatersrandse Universiteit (1934-1942).
  6. Die eerste een was prof. S.F.N. Gie wat van 1925 tot 1927 voorsitter van die Senaat was en die derde prof. H.B. Thom wat van 1955 tot 1969 Rektor was.
  7. Lys van voltooide nagraadse studies in die Departement Geskiedenis in die rekords van die Departement.
  8. A.L. Geyer in 1923 en A.J.H. van der Walt in 1928 altwee, soos Gie, onder Meinecke in Berlyn; J.A. Wiid eers in Leipzig en daarna in 1923 in München; H.B. Thom in Groningen, Berlyn en Parys hoewel hy sy proefskrif onder Blommaert in Stellenbosch ingelewer het; I.D. Bosman aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam in 1931; en P.J. van der Merwe in Leiden in 1937. Ander oudstudente van die Departement het hulle buitelandse studies in Nederland in ander vakgebiede voortgesit.

In 1925 het hy voorsitter van die Senaat geword, in 1927 Sekretaris van Unie Onderwys en in 1934 Suid-Afrika se buitengewone gesant in Duitsland.

Met die aanwysing van Blommaert as voorsitter van die Senaat, is die pos van professor in Geskiedenis in 1928 aan jonkheer prof. Pieter Jan van Winter aangebied, 'n aanbod wat hy nie aanvaar het nie. Tog sou Winter ook goeie persoonlike kontak met Afrikaanse historici behou. Hy het 'n persoonlike vriend van prof. H.B. Thom en van dr. G.D. Scholtz geword. Die Universiteit van Pretoria het in die jare vyftig aan hom 'n professoraat in Kultuurgeskiedenis aangebied. In 1953 het die Universiteit van Stellenbosch aan hom 'n ere-doktorsgraad aangebied. Hy was die promotor van F.A. van Jaarsveld. Laasgenoemde het een van sy boeke aan sy leermeester opgedra. Van Winter het deurgaans 'n diepe belangstelling in die Suid-Afrikaanse geskiedenis behou en daarvoor geskryf. Hy was lid van die Stigting Moederland en 'n tyd lank redakteur van die tydskrif *Zuid-Afrika*.

Terwyl Godée Molsbergen in sy opleiding 'n sterk agtergrond in sosiale geskiedenis gehad het, het Blommaert onder Pirenne se invloed 'n veel groter begrip vir die rol van ekonomiese faktore in die geskiedenis ontwikkel, soos blyk uit die onderwerpe wat hy vir Geyer en Thom se proefskrifte aanbeveel het. Gie was weer iemand wat besonder ingestel was op die vraag hoe die Suid-Afrikaanse geskiedenis inpas by die gebeure op die toneel van die wêreldgeskiedenis, in besonder Europa. Al drie het dus verseker dat die grondslag van geskiedenisstudie op die basis van die toe heersende Europese idees en beskouinge gevestig is.<sup>9</sup> Dit sou deur die tweede geslag voortgesit word.

### **3.2 Die tweede geslag**

Plaaslike historici wat in hierdie Europese historiese atmosfeer hulle skoling ontvang het, sou ná 1930 in groter getalle tot die akademiese professie toetree en meebring dat die kontinentale invloed nie net van Stellenbosch uitgegaan het nie, maar ook van ander inrigtings. In die jare dertig was dit veral ses persone wat deur hulle studie in Nederland die bande met die Nederlandse historiese tradisie sou verstewig:

H.B. Thom (1905-1983) wat in 1928-1929 die historiese metode by Friedrich Meinecke en geestesstrominge by Hermann Oncken in Berlyn bestudeer het. Daarna is hy na die Sorbonne in Parys waar hy by Charl Seignobos seminare in historiese metode en by prof. Hauser in ekonomiese geskiedenis bygewoon het. In 1930 het hy op Stellenbosch sy doktorsgraad verwerf oor 'n landbou-ekonomiese onderwerp wat goed ingepas het by sy agtergrond as seun van 'n Karooplaas by Burgersdorp.<sup>10</sup>

---

9. Dit is nie net professore in Geskiedenis wat veel by Pirenne geleer het nie, ook die eerste Afrikaanse wetenskapsfilosoof prof. H.J. de Vleechauwer het by Pirenne gestudeer. Vir sy persoonlike herinneringe aan Pirenne raadpleeg "Wat ek van Henri Pirenne onthou" in *Kleio* 6(2) Oktober 1974, pp.1-22.

10. Thom se proefskrif is in 'n ietwat verwerkte vorm in Nederland gepubliseer: *Die geskiedenis van skaapboerdery in Suid-Afrika* (N.V. Swets & Zeitlinger, Amsterdam, 1936).

I.D. Bosman (1897-1947) wat van 1929 tot 1931 aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam gestudeer het en onder prof. H. Brugmans gepromoveer het.<sup>11</sup> Hy het in 1935 as professor by die Universiteit van Pretoria oorgeneem in die plek van Leo Fouché. Sy aanstelling in die naspel van die stryd om die verafrikaansing van Pretoria, het in die teken van 'n nuwe oriëntasie op die Suid-Afrikaanse geskiedenis, en spesifiek die Afrikaner se geskiedenis, gestaan. Hy het leerplanne hersien sodat Suid-Afrikaanse geskiedenis (Vaderlandse in navolging van die Nederlandse voorbeeld) tot 1910 'n volwaardige plek in die leerplan gekry het. Die entoesiasme wat die Eeufeeshedenking van 1938 vir die Afrikaner se geskiedenis gebring het, het goed ingepas by Bosman se entoesiasme en die aantal studente in Geskiedenis het sterk gegroei. Bosman het hom veral as uitstekende organiseerder en bestuurder uitgewys wat meegebring het dat hy by heelwat bestuursaangeleenthede betrokke geraak het.

P.J. van der Merwe (1912-1979) het van 1934 tot 1937 met 'n Porter Stipendium aan die Universiteit van Leiden onder prof. Huizinga gestudeer.<sup>12</sup> Dit was Blommaert wat hom aangeraai het om weg te bly van sensitiewe politieke onderwerpe en om hom op sosiaal-ekonomiese onderwerpe toe te spits. Soos in die geval van Thom, is ook sy agtergrond as seun van Griekwastad uit die wêreld van die trekboer-pioniers, die sleutel tot sy keuse van 'n onderwerp. Hy sou sy hele navorsingslewe aan die studie van migrasies wy, wat hom uiteindelik by die futiele projek oor die geskiedenis van die Afrikaners in Rhodesië (vandag Zimbabwe) laat betrokke raak het.

G.D. Scholtz (1905-1983) het in Desember 1933 aan die Gemeentelike Universiteit Amsterdam ingeskryf vir Moderne Geskiedenis onder prof. H. Brugmans en in Desember 1936 gepromoveer. Anders as die ander het hy nie as voltydse student aan 'n residensiële universiteit gestudeer nie, maar deur privaatstudie aan die Universiteit van Suid-Afrika waar hy die BA en Ll B en MA in Geskiedenis verwerf het. Sy belangstelling in regsaspekte vorm dan ook die agtergrond tot sy doktorsale studie.<sup>13</sup> Hoewel hy, soos die ander, ook 'n akademiese loopbaan oorweeg het, het hy ná sy terugkeer 'n joernalistieke loopbaan begin en uiteindelik saam met dr. H.F. Verwoerd *Die Transvaler* begin waarvan hy later hoofredakteur sou word. Tydens sy studiejare in Nederland is dit die kultuurofstelle en die breë historiese vertolkings van veral 'n Huizinga wat hom geboei het. Dit het by hom die gedagte laat ontstaan dat hy eendag ook die breë lyne van die Afrikaner se historiese ontwikkeling sal wil trek. As joernalis het hy by die aktualiteite van die dag betrokke geraak en 'n diepgaande kennis oor die historiese agtergrond waarteen hierdie gebeure afspeel, het by hom ook die strewe laat ontwikkel om as voorligter

---

11. *Dr. George McCall Theal as geskiedskrywer van Suid-Afrika.* (N.V. Zwets en Zeitlinger, Amsterdam, 1932).

12. *Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek, 1770-1842.* (W.P. van Stockum, Den Haag, 1937.)

13. *Die konstitusie en staatsinstellings van die Oranje-Vrystaat, 1854-1902,* (N.V. Swetz en Zeitlinger, Amsterdam, 1937).

van sy mense hulle in hierdie onbekendhede van die wêreld in te lei. So het sy rol as volksdidaktikus vorm aangeneem.

A.N. Pelzer (1915-1981) het einde 1937 vir die doktorsgraad in Opvoedkunde aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam ingeskryf, met 'n onderwerp in die Algemene Pedagogiek. Kort voor die afhandeling van sy proefskrif het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek en het Pelzer na Suid-Afrika teruggekeer. In 1941 het hy wel sy doktorsgraad aan die UP verwerf. Na 'n kort diens in die onderwys het hy in 1941 'n pos in die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria aanvaar. Van 1947 tot 1970 was hy professor en departementshoof waarna hy viserektor geword het. Pelzer se navorsing in geskiedenis was op die terrein van die sosiaal-ekonomiese geskiedenis van die *Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR)*. Hieroor het hy sy bekende boek<sup>14</sup> in 1950 gepubliseer wat die belofte ingehou het dat verdere sosiaal-ekonomiese studies sou volg, wat egter nie gebeur het nie.

F.J. du Toit Spies (1912-1998) het in Maart 1938 onder Huizinga in Leiden begin studeer en in 1939 sy doktors eksamen afgelê en te midde van die oorlog sy proefskrif in 1941 voltooi.<sup>15</sup> Spies is deur die oorlog in Europa vasgekeer en kon eers in 1946 na Suid-Afrika terugkeer. Ook hy het hom op die ekonomiese en diplomatieke geskiedenis toegespits en sou later veral aan die filosofies-teoretiese aspekte van die saak veel aandag gee.

Saam met hierdie ses later leidende figure in die geskiedeniswêreld was daar nog 'n aantal Afrikaanse studente in Nederland wat later almal prominente posisies in veral die akademie sou beklee: Wennie du Plessis (latere gesant by die VN), Eddie Hamman (later Rektor van UP), Meyer de Villiers (later professor in Afrikaans en Nederlands aan die US), Bertus Kok (later Rektor UOVS), Piet Nienaber (later professor Afrikaans en Nederlands aan Wits), W.E.G. Louw (digter en professor in Afrikaans en Nederlands aan UK en US) en Gideon Roos (later Direkteur-Generaal van die SAUK). Dit is dus duidelik dat al hierdie studente 'n bepaalde Nederlandse gevoel en visie met hulle saam na Suid-Afrika sou geneem het. Vir die universiteitswese het hulle 'n kragtige Nederlandse inspuiting beteken.

Dit is ook opmerklik dat nie een van die ses historici op 'n politieke onderwerp gepromoveer het nie. Al ses het ook deeglik met die Nederlandse diepte in teoretiese besinning oor die dissipline kennis gemaak. By een van hulle, F.J. du Toit Spies, sou dit 'n permanente invloed nalaat en hy het dan ook meermale oor teoretiese aspekte van die vak geskryf.<sup>16</sup> Daarenteen het P.J. van der Merwe hierdie soort onderwerpe ten alle koste vermy, hoewel hy verantwoordelik was vir die doseer van filosofie en metodologie op nagraadse vlak! Scholtz en Bosman sou die konsep van Vaderlandse geskiedenis sterk by hulle betrokkenheidstudie van die Afrikaner se geskiedenis laat inslag vind, teenoor Van der Merwe se meer kritiese

---

14. *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel 1: Wordingsjare* (Balkema, Kaapstad, 1950).

15. *Hamelberg en die Oranje-Vrystaat*. (N.V. Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1941).

16. Byvoorbeeld "Leemtes in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing" in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 3, November 1971, pp. 82-92; "Die uitwerking van enkele Europese geestestrominge op ons Geskiedskrywing" in *Historia*, 5(4), Desember 1960, pp. 221-230.

betrokkenheid by diepgaande beskrywing eerder as die makronisering van die Afrikaner se geskiedenis.

‘n Vergelyking van Van der Merwe en Scholtz se uiteenlopende benaderinge tot die vak, toon hoe elkeen op ‘n ander manier deur sy Nederlandse studie beïnvloed is. Van der Merwe het ‘n obsessie gehad met die eis om net oor dit waaroor jy primêre navorsing gedoen het, klas te gee. Die gevolg was dat sy studente ‘n baie eng terrein van die vak en ‘n baie beperkte insig in die mens se geskiedenis ontwikkel het. Met die groter problematiek as die vasstelling van die egtheid van bronne en die interpretasie van bronne, het hulle nie kennis gemaak nie. Die denkers in en oor die vak was tot Ranke en Huizinga beperk. Vir albei het Van der Merwe ‘n grenslose bewondering gehad. Ranke se aandrang op die korrekte feite en Huizinga se stilistiese vermoë, iets wat hy aanvanklik in sy eie werk goed nagevolg het, het die skering en inslag van sy onderrig gevorm. Later het hy so vasgestrengel geraak in sy vrees dat hy dalk nie al die bronne geraadpleeg het of al die korrekte feite vasgestel het nie, dat hy eenvoudig nie tot publikasie kon kom nie. Daarmee het die potensieel vrugbaarste navorser en stilis in die Afrikaanse geskiedskrywing gestol. Sy vrees vir kritiek, veral toe prof. C.F.J. Muller met sy Groot Trek-studie groot indruk gemaak het, en sy gewoonte om almal genadeloos te roskam oor feitefoute of stilistiese growwighede, het sy eie selfvertroue ondermyn. Die betrokkenheid van Geskiedenis by aktualiteite het hy ten alle koste vermy. Geskiedenis moes nie in die omstrede debatte van die dag betrek word nie. Daarom mog geen Suid-Afrikaanse geskiedenis na 1910 aangebied word nie. Selfs toe junior dosente by hom gepleit het om hulle tog toe te laat om die geskiedenis net tot 1924 te behandel omdat die studente so daarin belangstel, het hy botweg geweier. Dit was in skrilte kontras met sy jong kollega Dirk Kotzé (1927-1992), ook ‘n produk van studie in Nederland, wat in die internasionale geskiedenis boeiende kontemporêre onderwerpe behandel het en doktorsale studente oor ‘n verskeidenheid onderwerpe gelei het.

G.D. Scholtz daarenteen het boeke asof op die lopende band gelewer. Vir hom was die geskiedenis juis die beste middel om aktualiteite te behandel omdat dit nie op teoretiese spekulasie nie, maar op feitelike gegewens berus het. Vir hom, anders as by Van der Merwe, was dit die gees van ‘n tydperk en die heersende idees wat getel het, die magsfaktore wat betrokke was, nie die vraag hoe lank ‘n skof te perd was, of hoeveel assegaai by Vegkop opgetel is nie. Scholtz was buitengewoon belese in die Nederlandse en Duitse literatuur. In navolging van sy Europese skoling het hy in sy talle publikasies oor internasionale geskiedenis altyd op twee dinge klem gelê: die invloed van die geografie en die invloed van die denke en die filosofie. Terwyl eersgenoemde by hom ‘n erfenis van die Duitse geopolitici was wat hulle weer van die Sweedse geograaf Rudolf Kjellén<sup>17</sup> gekry het, was die Nederlandse invloed weer oorheersend by die tweede aspek. Die Duitse invloed het uiteindelik by Scholtz veel sterker deurgewerk as die Nederlandse invloed. In sy talle studies oor die historiese agtergrond tot internasionale gebeure het hy diep uit Duitse en Amerikaanse bronne gedrink. Baie van sy terminologie toon ook duidelike Duitse invloed. Die konsep

---

17. Ek is dank verskuldig aan sy seun prof. Leopold Scholtz vir hierdie insig.

van die beskawingskringe en die randgebiede, van Middel-Europa, van die rol van die magspolitiek en talle ander toon sterk Duitse invloed. In sy Suid-Afrikaanse studies toon hy meer Nederlandse invloed. Die ideaal wat uiteindelik in sy agtdelige werk oor die Afrikaner se politieke denke beslag gekry het, is reeds in sy Nederlandse studiejare gebore.<sup>18</sup> Hy wou graag vir sy volk hulle plek en rol in die geskiedenis probeer toelig soos Nederlandse historici dit in hulle vaderlandse geskiedenis gedoen het. Hy het nie gekroom om hom sterk oor die problematiek van die dag uit te laat nie. Van Jaarsveld het hom tereg die historikus van en vir die Afrikaner genoem.<sup>19</sup> Hy het opreg geglo dat die Afrikaner in die besonder, en die blanke in die algemeen, se enigste hoop op 'n toekoms geleë is in die kanalisering van die ander groepe se vryheidstrewes na eie gebiede. Die blanke moet nie van vreemde arbeid afhanklik raak nie, 'n filosofie wat hy in sy gesinslewe toegepas het. Hy het 'n diepe waardering vir die Afrikaner se kontinentale afstamming van Nederlander, Duitser en Hugenoot gehad. Sy bewondering vir Nederland van voor die Tweede Wêreldoorlog het tot uitdrukking gekom in sy passie dat sy seuns ook in Nederland moes gaan studeer. Hy het vir die beskawings van die Ooste 'n hoë agting gehad. Sy een onvervulde ideaal is dat sy studie oor die geskiedenis van die Ooste nooit voltooi of gepubliseer is nie. Dit is terloops in hierdie manuskrip waar Nederlandse invloed waarskynlik die duidelikste blyk. Belangrike dele van die studie het die denke en woordbeelde van Vloemans weerspieël.<sup>20</sup>

Dit is by al ses hierdie doktorandi duidelik dat hulle navorsing gerig is op die lotgevalle van Afrikaners. Sosiologiese en psigologiese teorieë het nie by hulle 'n rol gespeel nie. Dit impliseer nie dat hulle die rol van ander in die geskiedenis van Suid-Afrika misgekyk het nie, maar dat hulle navorsing toegespits was op dit wat hulle primêre belangstelling was. Hulle siening van wat geskiedenis is en behoort te wees, was op Huizinga se definisie en Ranke se metodologie gebaseer. Aan altwee het hulle 'n eie Afrikaanse karakter gegee. Dit word later nader toegelig.

### **3.3. Die derde geslag - hoogtepunt van kontinentale invloed?**

Na die Tweede Wêreldoorlog breek 'n nuwe fase van kontak aan wat tot in die vroeë jare sestig sou duur en in belangrike opsigte besonder vrugbaar sou wees. Daarna sou die pendulum egter veel sterker weg van die kontinent na Brittanje en later die VSA swaai. Dit is meegebring deur o.a. die temas waarvoor studente gewerk het wat dit noodsaaklik gemaak het om die Britse bronne te raadpleeg. Dit sou egter ook deur die veel groter selfstandigheid van doktrale studie aan Suid-Afrikaanse universiteite bevorder word. Daar is al hoe meer by nagraadse studente daarop aangedring om hulle studies aan Suid-Afrikaanse universiteite voort te sit. Finansiële voordele en beroepsmoontlikhede het dit ook 'n aantreklike moontlikheid gemaak. Die tendens weg van die kontinent begin egter reeds voor die Tweede Wêreldoorlog in 'n geval waar al hierdie faktore 'n rol speel. As oudleerling van die Hoër Jongenskool Stellenbosch kwalifiseer C.F.J. Muller (1916-1992) vir 'n

---

18. Met dank aan prof. Leopold Scholtz.

19. *Historia*, 20(2), September 1975, p.88.

20. ANTOON VLOEMANS, *De Wijsbegeerte van het Oosten* (W.J. Thieme, Zutphen, 1924).

Rhodesbeurs en studeer van 1938 tot 1939 aan Oxford onder prof. R. Coupland. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog verhinder hom om sy studies in Oxford voort te sit en hy promoveer in 1942 oor die Britse beleid teenoor die Groot Trek onder prof. Thom.<sup>21</sup>

In 1947 vertrek F.A. Van Jaarsveld (1922-1995) na Nederland waar hy aan die Universiteit van Groningen inskryf onder jonkheer prof. P.J. van Winter en vir die moderne geskiedenis prof. Helmuth Plessner. Sy skripsie handel oor die betrekkinge tussen Nederland en Brittanje in die sewentiende en agtiende eeue. In Amsterdam woon hy lesings van Jan Romein, H.J. Pos en J. Presser by en in Groningen ook die lesings van P.J. Bouman, die sosioloog met sy besondere gevoelvolheid vir die geskiedenis. In 1950 promoveer hy onder prof. van Winter.<sup>22</sup> Reeds die titel van die gepubliseerde proefskrif toon 'n Nederlandse inslag by die jong historikus wat later kenmerkend van sy werk sou word, en hom somtyds nogal in ongemaklikhede sou laat beland: sy liefde vir plastiese beeldende taal, eerder as die saaklike kronologies-tematiese beskrywing van titels. Onder P.J. van der Merwe sou die titel stellig net moes lees Die verhouding tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1836-1864.

Na die promovering het Van Jaarsveld 'n akademiese besoek aan die universiteite van Bonn, Frankfurt en Erlangen gebring. Hy gee 'n tydlank onderwys, 'n aktiwiteit wat 'n permanente invloed op sy werk sou hê: sy intense belangstelling in die onderrig van geskiedenis, die plek en rol van geskiedenis in die onderwys en die problematiek verbonde aan die skryf van skoolhandboeke in 'n diep verdeelde samelewing. In 1958 word hy senior lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika, in 1967 die eerste professor in Geskiedenis aan die nuwe Randse Afrikaanse Universiteit. In 1973 keer hy terug na sy alma mater die Universiteit van Pretoria. Hier tree hy in 1985 om gesondheidsredes af.

Van alle Suid-Afrikaanse historici was Van Jaarsveld die mees aktiewe in die kontak met en bestudering van ontwikkelinge in historiese denke. Hy is ook die historikus wat ná Thom waarskynlik die sterkste die invloed van sy Nederlandse opleiding weerspieël. Laasgenoemde blyk op 'n aantal wyses:

Sy kritiese ingesteldheid teenoor die stand van geskiedbeoefening in Suid-Afrika, oorwegend ten opsigte van die Afrikaanse geskiedskrywing, maar ook teenoor Engelse geskiedskrywing. Reeds onmiddellik na sy terugkeer in Suid-Afrika het hy 'n eerste polemiese gesprek (nog 'n Nederlandse trek?) begin met sy skerp veroordeling van die geskiedskrywing van A.N. Pelzer, S.P. Engelbrecht en F.A.F. Wichman. Hy het hulle gekritiseer omdat hulle by 'n beskrywende weergawe van gebeure bly vassteek het en dit nie deurdink en tot sinvolle samehange ontwikkel

---

21. Gepubliseer as *Die Britse owerheid en die Groot Trek*. (Juta, Kaapstad, 1948).

22. *Die betrekkinge tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1: Pioniershartstogte 1836 - 1864*. (Gepubliseer as *Die eenheidstrewes van die republikeinse Afrikaners, 1: Pioniershartstogte, 1836 - 1864*. (Impala Opvoedkundige Diens, Johannesburg, 1950).

het nie. Hulle moes verder gaan as net die interpretasie van feite en gebeure.<sup>23</sup> Kort hierna was hy in ‘n polemiekie met T.S. van Rooyen gewikkel oor die grondslae van die geskiedwetenskap.<sup>24</sup> Dit is stellig hierdie polemiekie wat ‘n groot rol gespeel het in die bepaling van Van Jaarsveld se toespitsing op historiografiese en teoretiese onderwerpe eerder as op die voortsetting van sy navorsing oor die verhouding tussen die Afrikaners van die twee Boerepublieke. Dit is hierdie nuwe fokus in sy werk, wat ook die handhawing van noue belangstelling in kontinentale strominge in die geskiedwetenskap by Van Jaarsveld sou versterk.

Dit is juis sy Nederlandse opleiding wat hom graag eerder na verskynsels as gebeure ondersoek laat instel het. Daarom was hy die eerste historikus wat begrippe, idees of verskynsels se historiese ontstaan en invloed nagevors het. Begrippe soos Voortrekker en Groot Trek, Paul Kruger se Ou-Testamentiese geskiedvisie, uitverkorenheid en geroepenheid ens.<sup>25</sup>

In sy woordgebruik kom ook mooi voorbeelde voor van die Duitse en Nederlandse invloed op sy denke. Van Jaarsveld was ‘n goeie stilis, al toon van sy werk soms ‘n neiging tot die oordramatiese en soms ‘n minder deeglike kontrolering van die bladsyproewe. Hy het graag meer sprekende, soms selfs dramatiese woorde<sup>26</sup> gebruik wat daarop gemik was om impak – hy sou dit graag as aktualiserende singewing wou noem – aan sy werk te verleen. Die begrip pioniershartstogte in sy proefskrif is een voorbeeld. Enkele ander voorbeelde is histories-vertraagde volk,<sup>27</sup> sy verwysing na die dokumentgebondenheid van die Afrikaanse geskiedskrywing as ‘n pakhuiskarakter, geskiedsbeeld, beeldvorming, narratiewe geskiedskrywing, nedergang, geskiedkundige verkenning, lewende verlede, ens. Veral sy terme beeldvorming en geskiedbeeld was nuut in die Afrikaanse geskieddenke.

Die aandag wat hy in onderrig en publikasie aan die teoretiese aspekte van die vak gegee het, was een van die mees vernuwende bydraes in die geskiedbeoefening in Suid-Afrika. Aangesien dit ‘n besondere element in die kontinentale kontak en beïnvloeding bekleed, word dit as ‘n aparte onderafdeling bespreek.

Meer gewaagd van my kant, maar ek dink nie heeltemal ontoepaslik nie, is sy geneigdheid tot openbare aandag trek, ja selfs doelbewus omstrede wees. Ek beseft dat dit ‘n moeilike saak is om te bewys, en ek is al meermale oor die kole gehaal omdat ek daarop gewys het, maar ek glo dat dit inderdaad een van sy kenmerke was, ‘n kenmerk wat ek as waarderende kollega een van sy stimulerende eienskappe beskou het. Anders as Scholtz wat die aktualiteit van die geskiedenis op ‘n saaklike wyse in die konteks van hedendaagse historiesegevormde magte en kragte wat die

---

23. F.A. VAN JAARVELD, “Geskiedenis en lewe: ‘n metodologies-kritiese opstel” in *Standpunte* 28/7/4, Junie 1953, pp. 17-33.

24. Kyk voetnote 51-56.

25. ‘n Verteenwoordigende bundeling van hierdie benadering is te vinde in sy *Lewende Verlede* (Afrikaanse Pers Beperk, Johannesburg, 1962).

26. Die beste voorbeeld is stellig die titel *Omsingelde Afrikanerdom* vir een van sy boeke!

27. ‘n Uitdrukking wat hy by Helmuth Plessner gekry het. Kyk “Die Afrikanerdom: ‘n Historiese vertraagde volk – weg en selfbegrip” in *Historia* 30(2), September 1985, p.6.

toekoms bepaal, wou aantoon, wou Van Jaarsveld die aktualiteit van die geskiedenis blootlê in die vitaliteit van ‘n kultuur se verskuiwende of verstarde geskiedbeeld. Hy het dan ook soms teen die verstardeheid van die Afrikaner se geskiedbeeld te velde getrek en hom ten doel gestel om die mites oor die verlede te ontbloot,<sup>28</sup> en by ander tye weer die Afrikaner se geskiedbeeld verdedig teen diegene wat na sy oordeel ‘n onbillike of onregverdige of eensydige oordeel daaroor gevel het.<sup>29</sup>

Anders as Van der Merwe en Bosman, meer soos Scholtz maar op ‘n heeltemal ander terrein, wou Van Jaarsveld die aktualiteit van die geskiedenis by mense tuisbring. Die lees van die interessante brokkies in *Historisch Nieuwsblad* herinner my nogal soms aan hierdie aspek van Van Jaarsveld. Hy het hierdie been van sy dinamiese aktiwiteite op twee gebiede ontwikkel: sy ywer in belang van Geskiedenisonderrig op skool en sy kommentaar op die gebeure van die dag. In beide gevalle het hy ook diep uit sy Europese vorming gedrink. Sy bydrae op onderwysgebied het behels die skryf van skoolgeskiedenisboeke, die polemieke rondom skoolgeskiedenis en sy talle voordragte en publikasies oor die rol en funksie van geskiedenis in die onderrigsituasie. Hy het nie geglo dat die historikus hom in ‘n ivoortoring moet terugtrek en weier om aan die openbare nood aan en belang van geskiedenis aandag te gee nie.<sup>30</sup> As kommentator op die aktualiteite van die dag, het Van Jaarsveld die kultuurpessimisme van ‘n Huizinga<sup>31</sup> weerspieël en hom verdiep in die geesteskulturele dilemma waarin die historiese-politieke prosesse die Afrikaner laat beland het. Hier is veel minder konsekwentheid in sy denke te bespeur as in sy werk oor die onderrigrol van Geskiedenis. Hy is al in hierdie opsig beskryf as tipies van die soekende Afrikaner-intellektueel van die jare tagtig en neëntig.<sup>32</sup> Dit is dikwels asof hy ook vir die Afrikaner in die herfsgety van sy geskiedenis sien.

Tempelhoff het die aandag gevestig op hoe Van Jaarsveld se denke oor die vak, wat deur sommiges as tekens van onsekerheid en mode-neigings beskou is, ‘n konstruktiewe intellektuele konflik was. Die worsteling met die teenstellings tussen die hermeneutiese verstaansmetode en die sosiaalwetenskaplike analitiese metode het by hom tot ‘n verbreding van sy begripsformulering gelei wat sy terugkeer na Dilthey verdiep en versterk het. Tempelhoff noem hierdie sikliese

---

28. “Die ontmitologisering van die Afrikaner se geskiedsbeeld” in A.J. Coetzee, *Hulsels van Kristal*, (Tafelberg, Kaapstad, 1981), pp. 195-212 .

29. Sien byvoorbeeld sy bespreking van Oxford History in *Standpunte* 84, Augustus 1969, pp. 1-21.

30. Vir meer besonderhede oor sy opvatting oor en rol in die ontwikkeling van Geskiedenis se opvoedkundige waarde kyk P.H. KAPP, “Die Opvoedingsbeeld: F.A. van Jaarsveld oor die opvoedingsrol en onderrigtaak van Geskiedenis” in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 36(2) Junie 1996, pp. 130-138.

31. Kyk sy *Geschonden Wereld* (H.D. Tjeenk Willink, Haarlem, 1945). Hierdie werk is in 1943 geskryf terwyl Huizinga hom in ballingskap bevind het. Die manuskrip is voor sy dood vir publikasie gereed gemaak, maar eers na sy dood in 1945 gepubliseer. In sy ballingskap omvou ‘n beklemmende pessimisme oor die toekoms van die Europese kultuur hom.

32. Vir verdere besonderhede die artikel van P.H. Kapp, “F.A. van Jaarsveld as vertolker van sy tyd” in *Historia*, 27(1) Mei 1982, pp. 78-85.

ontwikkelingsgang “‘n voorbeeld van die Afrikaanse historiografie van die twintigste eeue”<sup>33</sup>.

Van al die historici wat in Europa gestudeer het, toon van Jaarsveld die diepste inwerking van die Europese denke en ‘n strewe om die vak nie net ten opsigte van die empiriese-inhoudelike nie, maar ook ten opsigte van die teoretiese-fundamentele uit te bou. Dit is in hierdie opsig dat hy al Suid-Afrika se vrugbaarste en aktiefste en omstrede historikus genoem is.<sup>34</sup> Hierdie aspek word in die volgende onderafdeling bespreek waar daarop gewys word dat **Engelse en Amerikaanse** invloed sedertdien die Nederlandse invloed vervang het.

Terwyl Van Jaarsveld die enigste historikus is wat sy doktorale studie volledig in Nederland in hierdie periode voltooi het, moet ook op ‘n aantal ander persone gewys word wat ook in Nederland studeer het maar net die doktorandus voltooi het en daarna hulle proefskrifte aan Suid-Afrikaanse universiteite voltooi het.

Romein tree in die jare vyftig sterker op die voorgrond as ‘n beïnvloedingsfaktor by studente uit Suid-Afrika. ‘n Aantal historici het by hom gestudeer of sy lesings bygewoon. Maria Hugo het na die verwerping van haar doktorsgraad aan die Universiteit van Pretoria<sup>35</sup> haar studie aan die Universiteit van Amsterdam voortgesit (1949-1950) waar sy die doktorandus status verwerf het. Sy het Teoretiese Geskiedenis by Jan Romein en Moderne Geskiedenis by prof. J. Presser gedoen en haar lewe lank ‘n belangstelling in die teoretiese aspekte van die vak getoon. Sy het nooit ‘n universiteitspos bekleed nie, maar was wel vier jaar lank dosent by die Normaalkollege Pretoria. Sy het as navorser by eers die Biografiese Woordeboek en later die Kultuurhistoriese Museum in Pretoria gewerk.

Dirk Kotzé studeer van 1954 tot 1956 aan die Vrye en Gemeentelike Universiteite in Amsterdam, Bonn en Berlyn. Hy verdiep hom veral in die teorie van geskiedenis, ‘n gebied waarop Romein in hierdie tyd bekendheid en omstredenheid verwerf het. Dit is egter Romein se belangstelling in die Marxisme wat by hom deurgewerk het. Terwyl Kotzé later na Nederland sou terugkeer vir navorsing oor die Marxisme, het hy nie aan teoretiese aspekte van die vak aandag gegee nie, dus kan die kontinentale invloed op hierdie gebied nie enigszins nagegaan word nie. Aangesien prof. Van der Merwe op Stellenbosch die alleenreg gehad het om die filosofie en metodologie van die vak te doseer, het Kotzé nie geleentheid hiertoe gekry nie.

Paul Zietsman het in 1959 aan die Vrye Universiteit van Amsterdam en Ben Liebenberg het in 1963 aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam die Drs. Phil (Hist) verwerf. Liebenberg sou later professor en hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika word in opvolging van M.C. van Zyl en Paul Zietsman professor in dieselfde departement. Liebenberg het sy

---

33. JW.N. TEMPELHOFF, “Sosiale ruimte en die filosofiese-teoretiese diskoerse van F.A. van Jaarsveld” in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 36(1), Maart 1996, p.45.

34. B.J. LIEBENBERG in “Omstrede Suid-Afrikaanse verlede – ‘n omstrede boek deur ‘n omstrede skrywer” in *Kleio* 17, 1985, pp. 104-114 en J.T. DU BRUYN, “FA van Jaarsveld: Afrikanerhistorikus en vernuwer” in *Historia* 27(1), Mei 1982, pp.55-64.

35. *Die stemregvraagstuk in die ZAR* (UP, 1946).

doktorsgraad aan Unisa onder prof. C.F.J. Muller verwerf oor 'n aspek van die Groot Trek, naamlik 'n deelbiografie oor Andries Pretorius.<sup>36</sup> Zietsman het hom op kultuurgeskiedenis toegespits en die doktorsgraad aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf.<sup>37</sup> In die jare sewentig het Fransjohan Pretorius die doktorandus aan die Universiteit van Leiden (1974-1976) voltooi. Hy is tans professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria. Net een historikus het hom in hierdie tydperk aan die volle doktrale studie in Geskiedenis in Nederland gewy: Leopold Scholtz, seun van G.D. Scholtz en, soos sy vader, in die joernalistiek. Hy het van 1972 tot 1973 en weer van 1975 tot 1978 aan die Universiteit van Leiden gestudeer en sy proefskrif onder prof. H. L. Wesseling voltooi.<sup>38</sup> Sedert 1997 is hy ook besoekende professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch.

Dit is Hugo, Liebenberg en Zietsman wat aandag aan die teoretiese aspekte van die vak sou gee. Die ander het hulle eerder op empiriese werk toegespits.

#### 4. Die Anglo-Amerikaanse oorheersing

Gesien die feit dat Brittanje 'n veel groter rol as Nederland in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het, en sedert ongeveer 1795 die bepalende faktor in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gevorm het, is dit begryplik dat die meeste navorsers hulle na Londen en ander vindplekke van bronne in Brittanje sou wend. Trouens bykans elkeen van die studente wat in Nederland aan proefskrifte gewerk het, moes ook in die Public Record Office in Londen navorsing doen. Die algemene eis wat vir doktrale studie gestel is, onder die streng Rankeaanse invloed van die eerste geslag, was dat, waar vir die meestersgraad nog volstaan sou kon word deur net die Suid-Afrikaanse bronne te gebruik, vir die doktorsgraad alle toepaslike bronne, al is dit in Ysland, gebruik moes word. 'n Onderwerp waarvoor dit nie moontlik was nie, is nie aanvaar nie. Suid-Afrika het dan ook op 'n stadium tydelike argivarisse aangestel wat in Den Haag, Londen en in die VSA dokumente-versamelings wat op die Suid-Afrikaanse geskiedenis betrekking het, vir bekendstelling en gebruik in Suid-Afrika ontsluit het. W.J. de Kock en C.F.J. Muller is die bekendste voorbeelde. D.W. Krüger, tot sy aftrede hoof van die Departement Geskiedenis aan die PU vir CHO, was byvoorbeeld 'n jaar lank (1955-1956) *Fellow of the Royal Institute of International Affairs*. C.J. Barnard, afgetrede professor aan Unisa, het ook in die jare vyftig met 'n British Council toekenning aan die Institute for Historical Studies van die Universiteit van Londen onder prof. G.S. Graham navorsing gedoen. Hy was ook van 1959 tot 1961 Suid-Afrika se kulturele attaché in Londen en het dikwels daar oor veral militêre geskiedenis navorsing gedoen. O.H. Geysler, afgetrede professor aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat was *Fellow of the Institute of Commonwealth Studies* waar onder andere sy studie oor Suid-Afrika se uittrede uit die Statebond gedoen is. 'n Groot aantal van die huidige geslag dosente

---

36. Gepubliseer as *Andries Pretorius in Natal* (Academica, Pretoria, 1977).

37. Gepubliseer as *Die taal is gans die volk. Woelinge en dryfvere in die stryd om die Afrikaner se taal*. (Unisa-uitgewers, Pretoria, 1992).

38. Word later vanjaar in sy oorspronklike titel gepubliseer *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*.

aan Afrikaanse universiteite het elkeen verskillende navorsingstydperke in die Verenigde Koninkryk en die VSA deurgebring, terwyl enkeles ook van die nuwe stelsel van MA-studies, wat met die Nederlandse doktorandus vergelykbaar is, gebruik gemaak het.

Die aandag het weg van die kontinent geskuif. Terwyl die groeiende kulturele isolasie wat in Nederland teen Suid-Afrika ontwikkel is, hierin 'n rol gespeel het,<sup>39</sup> was dit nie die bepalende faktor nie. Die feit dat studiebeurse na Nederland nie meer beskikbaar was nie, het 'n rol gespeel maar beurse na Duitsland en België was nog beskikbaar. In die oë van die nuwe geslag kon die wins in die studie van die geskiedenis van Europa en die kontak met die kontinentale visies op die geskiedenis, ook nie opweeg teen die groter gemak waarmee Afrikaanse studente hulle in die Anglo-Amerikaanse wêreld kon tuismaak nie. Die groter erkenning wat universiteite graag aan hul eie doktorsale programme wou gee, het meegebring dat daar van nagraadse studente verwag is om plaaslik onder 'n erkende gesaghebbende wat oor 'n Suid-Afrikaanse onderwerp 'n beter kenner van die bronne sou wees, vir hulle doktorsgrade te studeer. Die geredelikheid waarmee in die jare sestig tot tagtig poste in die onderwys en die akademie beskikbaar was, het ook meegebring dat talle studente verkies het om eerder deur deeltydse studie hul doktorsgrade te voltooi, 'n faktor wat tot vandag toe nog tot ongelukkige verdragings in die afhandeling van studies lei. Die instelling van betaalde verlofperiodes van een jaar elke ses jaar het dit vir jong akademici ook 'n aantreklike finansiële proposisie gemaak om liever plaaslik te registreer en dan vir lang navorsingstydperke na die buiteland te gaan. So byvoorbeeld het prof. J.S. du Plessis, voormalige hoof van die Departement Geskiedenis aan die PU vir CHO, van April tot September 1969 aan die London School of Oriental en African Studies navorsing gedoen oor die navorsingsmetodologie van Afrikastudie in die voorkoloniale tydperk. Dit het inderdaad die nuwe tendens aan Afrikaanse universiteite geword.

## **5. Skakeling**

Daar was min internasionale skakeling en kontak by wyse van samewerking op konferensies en in publikasies. Historici soos Thom, Van der Merwe, Boëseken, Van Jaarsveld en Hugo was lede van die Maatschappij der Nederlandse Lettere. Van Winter was iemand wat Suid-Afrika meermale besoek het en was ook lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Thom was jare lank 'n redaksielid van die tydskrif *Bijdragen voor de Geschiedenis der Nederlanden*, 'n tydskrif wat van 1948 tot 1969 gereeld 'n Kroniek van Suid-Afrikaanse geskiedskrywing deur 'n Suid-Afrikaanse historikus geplaas het. Die tydskrif *Zuid-Afrika* het ook gereeld artikels oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis en resensies oor boeke geplaas. Nederlandse en Vlaamse historici het voor 1960, en weer sedert 1993, aan vakkonferensies in Suid-Afrika deelgeneem. Historici het ook onder uitruilprogramme na Suid-Afrika gekom. Die erepenning van die Suid-Afrikaanse

---

39. K. SMITH, *The changing past: Trends in South African historical writing*, (Southern Book Publishers, Johannesburg, 1988), p. 93.

Akademie vir Wetenskap en Kuns is in 1995 aan prof. Gerrit Schutte toegeken. Uitruiilooreenkomste tussen universiteite skep ook geleentede vir historici om as besoekende navorsers aan Nederlandse, Vlaamse en Duits universiteite te vertoef. Nederlands- en Duitssprekende voor- en nagraadse studente kom in toenemende getalle na Suid-Afrikaanse universiteite. Sedert 1990 het vier Nederlandse studente vir hulle doktorsale studie 'n tydperk aan die Universiteit van Stellenbosch deurgebring. Ongelukkig werk die proses nie andersom ook nie. Weinig Suid-Afrikaanse studente gaan na die drie lande vir studie. Suid-Afrikaanse vaktydskrifte benoem ook nie juis Nederlandssprekendes in hulle redaksies nie.

Om die voller prentjie te skets, is dit nodig om ook na 'n paar persone te verwys wat buite die akademiese inrigtings 'n belangrike rol gespeel het om akademiese kontak in die beoefening van Geskiedenis te bevorder. Die voor die handliggende persoon is Anna Boëseken wat hoofargivaris van die Kaapse argiefbewaarplek, in Kaapstad geword het, en 'n groot bydrae tot en invloed op studie en navorsing oor die Kompanjietyd gelewer het. Sy het haar doktorsgraad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Dr. Jan Ploeger wat as onderwyser uit Nederland na Suid-Afrika gekom het, en later staatshistorikus sou word, het 'n besondere bydrae tot die studie van militêre en kultuurgeskiedenis gelewer. Drie persone van Nederlandse herkoms wat in die uitgewersbedryf veel sou doen om Nederlandse geskiedenisboeke in Suid-Afrika, en Suid-Afrikaanse boeke in Nederland, te bevorder was dr. C. Pama, C. Struik en die alombekende uitgewery van vroeër A.A. Balkema.

## **6. Kontinentale invloed op die tematiek?**

Die vraag in hoe 'n mate die tematiek van geskiedenisstudies in Suid-Afrika deur kontinentale voorbeelde beïnvloed is, is besonder moeilik om te beantwoord. Dit veronderstel immers dat daar 'n verskil tussen die Anglo-Amerikaanse en kontinentale tematiek bestaan. Op twee terreine is dit dalk wel ter sake. Die wyse waarop teoretiese kwessies hanteer word en die groter rol wat die kontinentale konsep geskiedenis as kultuur in die Afrikaanse geskiedwêreld speel. Eersgenoemde word in die volgende afdeling behandel.

Die klem op kultuur en op die geskiedenis van die vaderland as studie- en navorsingsterreine, is die opvallendste gemeenskaplikheid. Die feit dat die begrip Nederlandse kultuur en identiteit 'n veel betwiste saak in Nederland, en in België is, vind 'n afskaduwing in die soortgelyke debatte in Suid-Afrika, iets wat nie in die Anglo-Amerikaanse historiese wêreld voorkom nie. Historici wat van Europa teruggekeer het, het deur die bank almal doelbewus 'n bydrae tot 'n eie Suid-Afrikaanse en Afrikaanse geskiedenis gelewer, al was dit nie al terrein waarop hulle gewerk het nie. Dit is begryplik omdat dit die voor die handliggende toeganklike gebied is. Dit was ook die saak waaraan die gemeenskap in sy besondere tydsgewrig van nasionale oriëntering onder Afrikaners 'n behoefte gehad het. Hoewel daar reeds voor 1950 'n beduidende aantal studies is wat buite hierdie veld val, was dit nog veel meer die geval ná 1950. Die slawe, die Khoi, die San en die swart Afrikavolke kry reeds voor 1950 aandag, kulturele kontak en arbeidskwessies kry weer meer aandag na 1950. Op grond van 'n reeks duidelik identifiseerbare

gepubliseerde werke word die bewering dikwels gemaak dat die Afrikaanse geskiedskrywing eensydig Afrikanergerig is. Terwyl dit ten opsigte van sekere kategorieë gepubliseerde werke in 'n belangrike mate waar is, is dit nie die volledige prentjie nie. Dit is die soort manuskripte wat volgens die bemerkers 'n plek in die mark gehad het. 'n Studie waarmee ek tans besig is, en nog ver van voltooi het, en wat op die statistiese verdeling van nagraadse studies in onderwerpskategorieë berus, toon 'n ander prentjie. Afrikanersentriese studies is vanselfsprekend daar, maar omdat die ander nie die openbare aandag getrek het, of dikwels nie gepubliseer is nie, word hulle nie in aanmerking geneem nie. Ook die bewering dat die Afrikaanse geskiednavorsing *à la* Ranke hoofsaaklik op die politiek-staatkundige of militêre geskiedenis gerig is,<sup>40</sup> vra om herondersoek. Dit is 'n lastige probleem om studies wat net ten doel het om 'n geskiedenis te wees, in duidelike kategorieë te verdeel. Wat word byvoorbeeld met politieke geskiedenis, of sosiale geskiedenis of staatkundige geskiedenis bedoel? Dit is veral lastig in 'n land soos Suid-Afrika, waar enige saak, soos onderrigmedium op skool of selfs die geskiedskrywing, die potensiaal besit om 'n politieke saak te word. Vir my ontleding vertolk ek politiek as regeringsbeleid en die toepassing van regeringsgesag en alles wat daarmee saamhang, ook die stryd om daardie mag te bekom. Staatkundig vertolk ek as dit wat oor institusioneel-konstitusionele aspekte handel. Met sosiale geskiedenis bedoel ek die lewenswyse en -toestande en onderlinge verhoudinge van mense en gemeenskappe, en nie "vormgewende en verklarende ekonomiese, politieke en ideologiese kontekste" nie.<sup>41</sup>

Word Van Jaarsveld se eie syfers vir die Universiteit van Pretoria van 1909 tot 1972 gebruik, blyk dit dat uit 'n totaal van 140 MA-tesisse en proefskrifte gesamentlik 59 oor politiek-staatkundige en militêre onderwerpe handel en die res oor andersoortige temas. My syfers vir Stellenbosch van 1904 tot 1998 vertoon dieselfde diversiteit. Uit 'n totaal van 46 doktorsgrade het 15 oor politiek-staatkundig-militêre onderwerpe gehandel. Van die orige 37 het die meeste, naamlik 9, oor ekonomiese onderwerpe gehandel, 4 oor rasseverhoudinge en 1 oor vrouegesiedenis. Van die 141 MA-tesisse het 34 oor die eersgenoemde drie kategorieë gehandel, 21 oor ekonomiese onderwerpe, 10 oor rasseverhoudinge, 2 oor die slawe, 6 oor die Khoi, 2 oor Swart geskiedenis, 7 oor sosiale geskiedenis, 4 oor kultuurtemas en 10 oor internasionale geskiedenis, 'n nuwe rigting sedert 1989.

Vergelyk 'n mens hierdie Suid-Afrikaanse syfers met die feit dat ten spyte van die groot klem wat in Duitsland op sosiale geskiedenis gelê word, 80% van die nagraadse studies aan die Vrye Universiteit van Berlyn in 1980 nog in politieke

---

40. Sien byvoorbeeld Van Jaarsveld se berekening vir die Universiteit van Pretoria se Departement Geskiedenis tussen 1909 en 1972 in *Afrikanergeskiedskrywing: Verlede, hede en toekoms* (Lex Patria, Pretoria, g.d.), p. 69.

41. Dit is die definisie wat Albert Grundlingh aan sosiale geskiedenis heg. Kyk A. GRUNDLINGH, "Sosiale Geskiedenis en Afrikaanse Geskiedskrywing in 'n veranderende Suid-Afrika" in H.C. BREDEKAMP (Red.), *Afrikaanse Geskiedskrywing en Letterkunde: Verlede, hede en toekoms*, p. 40 (Publikasiereeks D2 IHN, UWK, 1992).

geskiedenis was,<sup>42</sup> help dit om ‘n perspektief op die rol van politiek-staatkundige onderwerpe te kry. Dat daar ernstige leemtes in die Afrikaanse geskiedskrywing bestaan en veel ruimte vir vernuwing, is nie te betwyfel nie. Maar dit is ‘n probleem wat op ‘n ander terrein as die tema van hierdie referaat lê. Die stelling dat “die grondslae van Afrikanergeskiedskrywing is nou verweef met dié van Afrikanernasionalisme en apartheid” en dat “die voortbestaan van Afrikaner geskiedskrywing lê in sy vernietiging”<sup>43</sup> klop nie met hierdie statistiek nie.

Dit is Huizinga se definisie van geskiedenis<sup>44</sup> eerder as Ranke s’n wat ‘n bepaalde invloed op ‘n belangrike komponent van die Afrikaanse geskiedbeoefening gehad het. Die eerste geslag Afrikaanse professore het dit aan die tweede geslag oorgedra en dit gevestig binne die Afrikaanse historiese tradisie. Thom en Van der Merwe veral het in hulle opleiding beklemtoon dat geskiedenis die vorm is waarin ‘n kultuur hom van sy verlede rekenskap gee. Dit is in hierdie kader dat die kulturele aard van die historiese problematiek wat ondersoek is, die oorwegende faktor in talle van die navoringstudies was. Huizinga se opmerking oor die wyse waarop die stand van ‘n kultuur op ‘n bepaalde tydstip die geskiedskrywing bepaal, is ter sake:

De rijkdom en de richting der cultuur bepalen te allen tijde aard en waarde van haar historische productie, ja de persoonlijke levenswijsheid van den individueelen beschouwer is voorwaarde voor de kwaliteit van zijn historische kennis.<sup>45</sup>

Ranke se aandag aan geskiedenis as die weergawe van wat werklik gebeur het, is eerder in die metodologiese sin as in die filosofiese sin beklemtoon. Daarom die eis dat die egte bronne in hulle eie reg verstaan en vertolk moet word en dat verklaring beperk moet word tot dit waartoe die bronne sigself leen. Die gedagte om teorieë uit die sosiale en ander wetenskappe te benut om met die verklaring te help, was aanvaarbaar mits dit nie beteken dat enigiets aan die bronne opgelê word wat nie daarin verantwoord kon word nie. Die beskrywende of verhalende was beskou as die beste wyse om aan hierdie ontvouing van die verlede aandag te gee. Dit was wat die Stellenboschskool met die begrip objektiwiteit bedoel het, nie die voorstelling daarvan as ‘n “political position infused with conservative notions” nie.<sup>46</sup> Dit is nie die taak van die geskiedenis om te oordeel nie, was die uitgangspunt, maar om te *onderzoekt, vergelyk, constateert en beskryft*.<sup>47</sup>

---

42. F.A. VAN JAARSVELD, “Nuwe rigtings in die Europese geskiedskrywing” in *Historia* 26(1), Mei 1981, p.10.

43. J. DU BRUYN, “Swartes in die Afrikaner geskiedskrywing” in H.C. BREDEKAMP (Red.), *Afrikaanse Geskiedskrywing en Letterkunde: Verlede, hede en toekoms*, p.81.

44. “Over een definitie van het begrip geschiedenis” in *Verzamelde Werken* V11, (Tjeenk Willink & Zoon, 1950), pp. 95-104.

45. “De Wetenschap der geschiedenis” in *Verzamelde Werken* V111, p.104.

46. A. GRUNDLINGH, “Politics, principles and problems of a profession: Afrikaner historians and their discipline, c 1920-1965” in *Perspectives in Education*, 12(1), 1990, p.11.

47. Aanhaling uit Brugmans wat gereeld aan Geskiedenisstudente voorgehou is.

Dit het in die Afrikaanse geskiedskrywing ook nie aan kritiek op die dokumentgebondenheid wat dikwels die geskiedskrywing minder leesbaar en boeiend gemaak het, ontbreek nie. Dit was die wortel van die Van Jaarsveld-Van Rooyen polemieke in die vroeë jare vyftig. Dit is ook waarteen Maria Hugo, soos Van Jaarsveld, toe vars uit Amsterdam, in dieselfde tyd te velde getrek het.<sup>48</sup> Om dieselfde rede het studente met 'n belangstelling in die eietydse geskiedenis hulle elders heen gewend. Van Jaarsveld het dan ook die geleentheid wat die hoofskap van die Departement Geskiedenis aan die nuwe Randse Afrikaanse Universiteit hom in 1967 gebied het, benut om verfrissende vernuwing in navorsingstematologie en studiekursusse te bring.

In die Afrikaanse geskiedbeoefening soos elders in die Westerse geskiedskrywing, is Huizinga se gebruik van die term “haar verlede” (die eie kultuur verlede), geïnterpreteer as identiteitspresentasie. Hierdie toespitsing op die eie kultuur tot die verontagsaming en selfs miskennings van ander kulture en sosiale en politieke groepe se rol en aspirasies, wat aan 'n deel van die Afrikaanse geskiedskrywing 'n nasionalistiese karakter gegee het, is enersyds in ooreenstemming met die ontwikkeling van geskiedskrywing elders, en andersyds nie in ooreenstemming met Huizinga se tot onlangs onbekende verfynde definisie van geskiedenis nie. Die Nederlandse geskiedskrywing van Fruin tot by Geyl en Huizinga, die Amerikaanse en die Vlaamse geskiedskrywing in die periode voor die Tweede Wêreldoorlog het duidelik in die tradisie van die Duitse nasionale geskiedskrywing gestaan. Die eie nasionale staat en die eie kultuur was die middelpunt van historiese belangstelling. Die feit dat Huizinga ongelukkig was met die klem wat sy definisie van geskiedenis op die eie geplaas het, het eers onlangs aan die lig gekom. In 'n ongepubliseerde manuskrip het hy die “haar verlede” in sy definisie later as te eng en beperkend verklaar. Hy het immers 'n intense belangstelling in ander kulture gehad. Sy doktorsale studie het oor die Vediese kultuur van antieke Indië handel. In sy hersiene definisie het hy die historikus se belangstelling in ander kulture beklemtoon:

Geschiedenis [is] een vorm van sympathie met anderen, belangelooze belangstelling in die lot van anderen.<sup>49</sup>

Dit was Van Jaarsveld meer as enige ander historikus wat beklemtoon het dat daar 'n veelheid wetenskaplike tradisies in geskiedenis sedert die neëntiende eeu bestaan het en dus 'n verskeidenheid van beskouings oor wat die objek en metode in geskiedenisstudie is of kan wees. Ranke se beskouing was maar een en deur Van Jaarsveld as oudmodies beskryf. Daarom het hy, in navolging van Huizinga, Geskiedenis die onselfstandigste van alle wetenskappe genoem, maar terselfdertyd

---

48. “Jan Romein, die Nederlandse teoretiese Historikus” in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, April 1951, p.141.

49. J. TOLLEBEECK, *De toga van Fruin. Denken over geschiedenis in Nederland sinds 1860*, (Wereldbibliotheek, Amsterdam, 1990), p. 426.

Romein se beeld gebruik dat Geskiedenis die bindsteen van die geesteswetenskappe is.<sup>50</sup>

Dat die opkoms van die New History, kliometrika, die Annalesskool se strukturalisme, die neo-Marxisme se klasteorieë, die nuwe sosiale geskiedenis wat sy klem op die randverskynsels van die samelewing geplaas het, en die strukturalisme en dekonstruksionisme vir hierdie benadering probleme en nuwe uitdagings geskep het, is nie te betwyfel nie. Hoe versoen jy die waarheidstrewing op grond van die egte historiese bronnestudie, met die aanwending van tegnieke wat tot verklarings lei wat meebring dat dinge in dokumente ingelees word, eerder as daar uitgehaal word? As professorale intreerendes en ander geleentheidsvoordragte en artikels in hierdie verband bestudeer word, is dit duidelik dat by die Afrikaanse historici die probleem van, en die eis om, die waarheid veel hoër aangeslaan is as die eis om verklarings vanuit teorieë of modelle. In hierdie verband is ook sterk Nederlandse invloed waarneembaar. So byvoorbeeld haal G.D. Scholtz in 1946 vir Huizinga aan:

De geschiedenis is voor ons, even goed als de filosofie en de natuurwetenschap, een vorm van waarheid aangaande de wereld. Haar te beoefenen is een wijze van zoeken naar de zin van dit ons bestaan. Wij wenden ons tot het verleden uit een waarheidsaspiratie en uit een levensbehoefte.<sup>51</sup>

Meer as veertig jaar later, en binne 'n heeltemal ander konteks, klink die strewing by iemand met geen Nederlandse agtergrond soos volg, gebaseer op Amerikaanse denke oor Geskiedenis:

Ek stel my gevolglik dit ten doel om my taak as historikus aan die IHN ...vir sover as dit in my vermoë moontlik is onbevooroordeeld na die beskikbare bronne te gaan en daaruit 'n ware beeld van die werklike verlede te konstrueer.<sup>52</sup>

Die waarheidsideaal staan sterk voorop, al verklaar nuwe modes<sup>53</sup> en die post-modernisme dat die waarheidsideaal 'n lugspieëling is.<sup>54</sup>

Die gebreke in die tematiek van die Afrikaanse geskiedskrywing lê op 'n ander terrein as die objektiwiteitsideaal of die waarheidsideaal. Dit lê op die terrein van die verkenning en ontsluiting van die totaliteit van die Suid-Afrikaanse verlede, van die integrasie van beelde en beskouinge, van problematiek en proses en van die skep van 'n ewewig tussen mikro menslike verskynsels en makro raamwerke

---

50. "Objek en Metode in die wetenskap van die geskiedenis, 1825-1980", p.45. Hierdie verwysing is na die oorspronklike lesing gelewer aan die RAU, nie na die later gepubliseerde weergawe nie.

51. *De wetenschap der geschiedenis*, p.106.

52. J.L. HATTINGH se intreerede as professor aan die Instituut vir Historiese Navorsing van die UWK, 4 Oktober 1979. (UWK Publikasiereeks A 34, 1979)

53. Hierdie begrip word ontleen aan Frank Ankersmit.

54. Dit is insiggewend hoe die wisselende voorsitters van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, Afrikaans en Engels, in hulle voorsittersrede die belangrikheid van die waarheidsideaal beklemtoon.

waarin daardie verskynsels geplaas en ontleed moet word. Die verskeidenheid historiese beelde, kragte, faktore en rolspelers wat in Suid-Afrika bestaan en tans veel sneller ontwikkel moet word, is nie in die Afrikaanse geskiedskrywing verreken nie. Dit is opvallend dat die Bielefeld definisie van geskiedenis as die wetenskap wat met die verbygegane en huidige politiek-sosiale werklikhede te doen het, met struktuur en verandering van sosio-ekonomiese en sosio-kulturele verskynsels<sup>55</sup> al bykans twintig jaar goed bekend is, maar steeds met skeptisisme bejeën word in die lig van die vraag hoe toepaslik is dit metodologies in die Suid-Afrikaanse konteks? Kan die kulturele en die politieke, sosiale en kulturele tradisies, in die geskiedskrywing ‘n sintese in die Afrikaanse geskiedskrywing vind? Dit is ‘n ander tema waarvoor daar nie in hierdie referaat ruimte is nie.<sup>56</sup>

## **7. Kontinentale invloed op teoretiese gebied**

In hoe ‘n mate het teoretiese denke wat deur verskillende geslagte studente in Europa bestudeer is, in Afrikaanse geskiedskrywing neerslag gevind?

Reeds so vroeg as 1912 is begin met die opleiding van nagraadse studente in teoretiese aspekte van die vak, veral die metodologie. In die dertigerjare is dit aansienlik uitgebrei om filosofie en historiografie in te sluit. Hierdie opleiding het altyd tot die nagraadse vlak beperk gebly hoewel daar soms met onderrig oor teoretiese aspekte op voorgraadse vlak geëksperimenteer is. Die standpunt was dat die voorgraadse opleiding prakties gerig moet wees deur intensiewe praktiese oefening in tutoriaal- en seminaarklasse en dat teoretiese vraagstukke net as afleidinge van die praktiese opleiding aandag kry. Tot en met die jare vyftig is dit Ernst Bernheim<sup>57</sup> en Charles Seignobois en Charles Langlois<sup>58</sup> en E.I Strubbe<sup>59</sup> se boeke wat die metodologie bepaal het. Ranke, in die vorm van Engelse en nie Duitse tekste nie, en Huizinga se *Wetenschap der Geschiedenis*<sup>60</sup> en Jan Romein se *In der hof der Historie*<sup>61</sup> het die basis van die filosofiekursus gevorm het. Aan die Universiteit van Pretoria was dit Wilhelm Bauer<sup>62</sup> se metodeleer en Eduard Fueter<sup>63</sup> se historiografie.

---

55. F.A. VAN JAARSVELD, “Nuwe rigtings in die Europese geskiedskrywing” in *Historia* 26(1), Mei 1981, p.10.

56. Kyk Referaat van P.H. KAPP, *Op weg na ‘n dinamiese dialoog oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis?* (Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Junie 2000).

57. *Lehrbuch der historischen Methode und der Geschichtsphilosophie.* (Duncker & Humblot, Leipzig, 1908).

58. *Introduction to the study of history.* (Duckworth, Londen, 1898).

59. *Inleiding tot de historische critiek.* (Standaard Boekhandel, Antwerpen, 1954)

60. (Tjeenk Willink, Haarlem, 1937).

61. (Querido, Amsterdam, 1951).

62. *Einführung in das Studium der Geschichte.* (Mohr Siebeck, Tübingen, 1927. Faksimilee herdruk Minerva, Frankfurt am Main, 1961).

63. *Geschichte der neueren Historiographie* (Oldenbourg, München, 1911).

Op Stellenbosch is die volgende uitspraak van Huizinga, by nagraadse studente ingedril:

Alle geskiedenis is verhalend; het is haar grondtrek self, dat zij niet bewijst en formuleert, maar verhaalt...De historisch geoccupeerd geest vraagt altijd: hoe is het zoo geworden? Vanwaar zijn wij gekomen? Wat is ons voorafgegaan? De geskiedenis schiept het besef van te begripen hoofdzakelijk door het zinrijk rangskikken van feitelijkhede, slechts in zeer beperkten zin door het vasstellen van strikte oorzakelijkhede.<sup>64</sup>

In die jare sestig is toenemend van hierdie tekste wegbeweeg na hoofsaaklik Amerikaanse handboeke. Daar is 'n groot verskeidenheid wat gebruik word soos Gilbert Garraghan, Michael Stanford en Jerzy Topolski in die metodeleer en George Iggers in die historiografie. Ankersmit en Rösen kry wel ook aandag in die filosofie. Die openingspolemie van Van Jaarsveld se akademiese inval in Suid-Afrika het die spoorslag verskaf vir sy onuitputlik energieke aktiwiteite in belang van die open van vensters op die Europe historiografie en filosofie. Dit is nuttig om dié polemie weer te besoek want die kwessies waaroor dit gegaan het, is vandag nog ter sake. Dit is net die terminologie waarin die polemie gevoer is, wat verskil. Van Jaarsveld het in die vroeë jare vyftig Pelzer, Wichman en Engelbrecht se nuutste studies onder oë geneem en hulle daarvan beskuldig dat hulle kronieke skryf<sup>65</sup> en nie boeiende geskiedenis nie, dat hulle die gebeure van die verlede in kompartemente verdeel en nie 'n eenheidsbeeld skep nie, en dat hulle nie ruimte laat vir verskillende vertolkings en hervertolkings van die geskiedenis nie. Hy het die ouer geslag historici ook gekritiseer vir hulle afsydige houding teenoor temas uit die resente geskiedenis.<sup>66</sup> Die kern van Van Jaarsveld se kritiek was dat die Afrikaanse geskiedskrywing nie by die vertolking van die inhoud van die dokument moet stilstaan nie, daar moet ook "filosofiese betragting en rypheid" wees.<sup>67</sup>

T.S. van Rooyen het hierop gereageer deur Van Jaarsveld se benadering een te noem waarin vooropgestelde veronderstellinge die geskiedskrywing bepaal, nie die inhoud van die dokumente nie.<sup>68</sup> Geskiedenis kan nie sommer enige verhaal uit die verlede wees nie, was Van Jaarsveld se verweer.<sup>69</sup> Daar moet 'n duidelike teoretiese probleemstelling wees wat as vertrekpunt dien.<sup>70</sup> Van Rooyen het dit verwerp. Die

---

64. *Wetenschap der geschiedenis*, p. 94.

65. 'n Soortgelyke uitspraak oor die gepubliseerde tesse en proefskrifte in die *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* deur prof. W.P. Coolhaas in 1959 word tot vandag aangehaal. Kyk "Zuid-Afrikaanse Kroniek" in *Zuid-Afrika*, Februarie 1959, pp. 20-23.

66. "Geskiedenis en lewe" in *Standpunte* 7(4), Junie 1953, p. 17.

67. Die voorstanders van die hedendaagse historiese sosiaal-wetenskap sou sê dat daar 'n teorie, of 'n model of 'n struktuur moet wees.

68. "Filosofie en geskiedenis" in *Standpunte*, 8(2) Desember 1953, p.57.

69. "Onrypheid in ons geskiedskrywing" in *Standpunte* 8(4), Junie 1954, pp. 40-44.

70. Vandag se toekenners van navorsingsfondse sou 'n teoretiese raamwerk waarbinne die voorgenome studie onderneem word, vereis.

probleem groei uit die dokumente en mag nie op die dokumente afgedwing word nie.<sup>71</sup>

Hierdie polemieë illustreer die belang wat aan dokumente-studie eerder as aan tegnieke of verklaringsteorieë geheg is. Die debat sonder einde het, veral deur Van Jaarsveld se werk, 'n stewige neerslag in Afrikaanse werke gevind. Daardeur is wel deeglik kennis geneem van kontinentale ontwikkelinge al het dit nie altyd in die formele gepubliseerde geskiedskrywing neerslag gevind nie. Van Jaarsveld se uitgebreide lys publikasies oor die historiografie is te veel om op te noem. Hy het deur intensiewe studie en gereelde oorsese ondersoekbesoeke, ook aan die VSA, probeer om op hoogte te bly met die ontwikkelinge in die Europese historiografie. Terwyl hy nog agting vir Huizinga se siening van geskiedenis gehad het, het hy dit as deur die tyd agtergehaal beskou.<sup>72</sup> Hy het die Annalesskool, die strukturalisme en die Europese sosiale geskiedenis (*Alltaggeschichte*) in Suid-Afrika bekend gestel en daarvoor gepleit dat die nuwe navorsingstematologie ook in die Afrikaanse geskiedskrywing inslag moet vind. Terselfdertyd was hy krities oor die vraag of hierdie nuwe neiginge werklik fundamenteel is en of dit net modeverskynsels is. Dit is daarom interessant om daarop te let dat na al sy vurige pleidooie hy in van sy laaste artikels weer die aandag daarop gevestig het dat die verhalende geskiedenis weer in is en dat die politieke geskiedenis nie voor die sosiale geskiedenis geswig het nie, maar steeds die gewildste vorm van geskiedskrywing bly.<sup>73</sup>

Met hierdie beklemtoning van die waarde en plek van die verhalende geskiedenis, het Van Jaarsveld basies dieselfde uitspraak gemaak as wat by 'n beoordeling van geskiedskrywing in Europa hierdie eeu deur belangstellende historici gemaak is: *Na twintig jaar verwetenskapliking van het vakgebied blijkt de behoefte aan verstaanbare greschiedverhale groot*. Daarom is Huizinga deur die lesers van *Historisch Nieuwsblad* as Nederland se historikus van die eeu aangewys. Op die wêreldranglys is hy sewende geplaas met Fernand Braudel eerste.<sup>74</sup>

Toe P.S. Dreyer as filosoof sy boek oor die filosofie van die geskiedenis gepubliseer het, was dit Van Jaarsveld wat daarop gewys het dat die hermeneutiese klem op die verstaan in die geskiedenis nie meer die allesbepalende grondslag van die geskiedenis as wetenskap in eie reg is nie. Die verklaar het sy plek onomstootlik verwerf, al is dit nie op die wyse waarop sommige denkskole dit bepleit het nie. Dit is dan ook in hierdie versoening van verstaan en verklaar dat Van Jaarsveld aansluiting gevind het by die Bielefeldse historikus en teoretikus Jörn Rüsen. Van Jaarsveld is die persoon wat Rüsen se werk, waarin geskiedenis se outonomie teenoor die sosiale wetenskappe op 'n nuwe wyse gestel is en die ideale van die historisme hernieu is, in Suid-Afrika bekendgestel het. Hy was ook instrumenteel om die Braunschweig Instituut vir Skoolboeknavorsing by twee geleenthede in

---

71. "Beginsels, grondslae en kritiek" in *Standpunte* 8(4), Junie 1954, pp. 33-39.

72. F.A. VAN JAARSVELD, *Objek en Metode in die Wetenskap van die Geskiedenis, 1825-1980*

73. Sien sy artikels herdruk as hoofstukke 15 en 16 in *Afrikanergeskiedskrywing*.

74. "De grote twee: Huizinga en Braudel" in *Historisch Nieuwsblad* 8(6), Desember 1999, p.16.

seminare in Suid-Afrika betrokke te kry. Op hierdie wyse is die Europese denke oor die hantering van skoolboeke en sensitiewe geskiedenis oorgedra.

Van Jaarsveld het die toneel van die teoretiese geskiedenis in der mate oorheers dat die werk van ander persone wie se basis in Nederland gelê is, op die agtergrond verdwyn het. Jan Romein het byvoorbeeld meer as net terloopse aandag gekry.<sup>75</sup> Romein het 'n belangrike invloed op Van Jaarsveld se denke oor die geskiedenis gehad, veral in sy pleidooie dat veel meer aandag aan die teoretiese aspekte van die vak gegee moet word, iets wat Romein self in Nederland bepleit het toe Van Jaarsveld daar student was.<sup>76</sup> Trouens Van Jaarsveld het sy konsep van die skuldvraagstuk in die geskiedenis by Jan Romein gekry.<sup>77</sup>

Die historiografie en die waarheidsprobleem in die geskiedenis het heelwat aandag in veral openbare voorlesings of intreeredes getrek.<sup>78</sup> Relatiewiteit<sup>79</sup> en kousaliteit<sup>80</sup> as twee vraagstukke wat 'n sterk kontinentale kleur dra, het ook aandag gekry. Ranke het nie die aandag gekry wat 'n mens sou verwag nie<sup>81</sup> terwyl Toynbee meer aandag as hy gekry het.<sup>82</sup>

Twee jong historici wat hulle ook in die kontinentale benadering interesseer is Johann Tempelhoff<sup>83</sup> van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en Lize Kriel<sup>84</sup> van die Universiteit van Pretoria. By albei is die belangstelling in Ankersmit se beskouinge oor die geskiedskrywing as narratief en

75. Sien byvoorbeeld B.J. LIEBENBERG, "Jan Romein" in *Historia*, 7(4) Desember 1964, pp. 223-227; M. HUGO, "Jan Romein, die Nederlandse teoretiese historikus" in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, April 1951 pp. 133-141; M. HUGO, "Jan Romein en die problematiek van die kultuurhistorikus" in *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 3(1), 1986, pp.7-9.
76. Kyk die werk wat Romein in 1949 saam met K Proost gepubliseer het: *Geestelijk Nederland, 1920-1940* (Kosmos, Amsterdam, 1949).
77. Vgl. F.A. VAN JAARSVELD *Omstrede verlede* p. 59 met J. ROMEIN, *De Eeuw van Azië opkomst, ontwikkeling en overwinning van het modern aziatisch-nationalisme* (Brill, Leiden, 1956).
78. Soos byvoorbeeld M. HUGO, "Waarhede en verwardhede" in *Standpunte* 16(4), April 1963, pp. 14-20; J.S. DU PLESSIS, "Oor historiese waarheid" in *Koers* 31(10), April 1964, pp. 543-580); B.J. LIEBENBERG, "Historiese waarheid en 'n Calvinistiese geskiedbeskouing" in *Standpunte* 19(6), Augustus 1966, pp. 53-66.
79. D.W. KRÜGER: "Die relatiewiteit van die geskiedskrywing" in *Koers* 13(5), April 1946, pp. 159-170.
80. M. HUGO, *Causaliteit in die geskiedwetenskap. 'n Metodologiese benadering* (V. en R Drukkery, Pretoria, 1951). Die boek het 'n voorwoord deur Jan Romein.
81. P.H. ZIETSMAN, "Leopold von Ranke en die geskiedskrywing" in *Kleio* 25/1993, pp.27-53; N.L. COMBRINK, "Leopold von Ranke (1795-1886) - 'n Herwaardering van sy betekenis en bydrae tot die moderne Westerse historiografie" in *Acta Academica* UOVS, Reeks B15, 1982.
82. P.S. DREYER, *Geskiedenis en openbaring: 'n Kritiese studie van die beskouings van Arnold J. Toynbee* (DD, UP, 1958); C.F. BEKKER, *Die doelbegrip in die geskiedenisfilosofie van A.J. Toynbee* (D.Phil, UVS, 1959); B.J. LIEBENBERG, "Arnold Toynbee en die Suid-Afrikaanse geskiedenis" in *Historia* 4(4), Desember 1959, pp. 219-234.
83. Byvoorbeeld sy "'Retro' of hermeneutiek? Die historiese metode in 'n nuwe wetenskapbedeling" in *Historia* 44(1), Mei 1999, pp.28-48.
84. Byvoorbeeld haar "Om die verlede te verbeel: Akademiese geskiedskrywing en die historiese bewussyn" in *Historia* 44(1), Mei 1999, pp. 5-27.

Rüsen se metageskiedenis merkbaar. Huizinga se invloed is selfs by hierdie vyfde geslag nog aanwesig.

Die begeerte om noue aansluiting by Europese strominge in die geskiedskrywing te behou, loop soos 'n goue draad deur intreerendes en ander geleentheidstukke van Afrikaanse historici. Die klem op geskiedenis as kulturele vormgewing kom by talle historici voor, ook diegene wat nie Huizinga se invloed persoonlik ervaar het nie. Huizinga se beskouing is inderdaad diep en wyd in die Afrikaanse geskiedbeskouing ingedra. In die werk van Pieter de Klerk vandag byvoorbeeld word die kultuuraard en -taak van geskiedenis steeds sterk beklemtoon.<sup>85</sup>

Amerikaanse handboeke het in tussen die Ranke-Huizinga tradisie in die metodologie kursus vervang. Rekenaarmetodes vir navorsing en onderrig het die paleografie vervang, en kontemporêre geskiedenis het veel sterker in die aandag gekom as die vroeëre geskiedenis.

## **8. Besluit**

Die Afrikaanse geskiedbeoefening is in sy oorsprong kontinentaal in denke. Ten spyte van die feit dat die kontak dramaties verswak het, is daar grondwaardes en ideale wat behoue gebly het: die basiese waardes en doelstellings van die vak is nog die strewende na deeglike bronnestudie, kritiese brontleding, die objektiwiteitsstrewende, die waarheidsideaal en stylvolle aanbieding. Die twee pole van geskiedenis as wetenskap en geskiedenis as analities-interpreterende wetenskap en as boeiende menslike verhaal, sal en behoort nie ooit finaal opgelos te word nie. Dit is in sy verskeidenheid dat die waarde van die geskiedenis geleë is. Die tegnieke en die middele wat aangewend word om egte historiese verstaan en verklaar moontlik te maak, is ook allermens eenduidig. Dit is 'n gebied waarop veel nog deur die Afrikaanse geskiedbeoefening geleer moet word.

Die verswakking van kontak met die kontinent het vermindering van invloed op die beoefening van die vakgebied meegebring. Die Afrikaanse geskiedbeoefening, ten spyte van talle probleme en uitdagings, verteenwoordig vandag 'n veel groter verskeidenheid temas en denkrigtings as vroeër. Daar is geen homogene benadering tot die denke in en oor die vak nie, ten spyte van die sterk afname in studente en in akademiese personeel en navorsings- of studiegeleenthede. Die neiging van historici om toenemend in Engels te publiseer, maak dit ook veel moeiliker om enige tipering van die Afrikaanse geskiedskrywing te maak. Dit is vandag kwalik denkbaar om, wat professionele historici betref, van 'n Afrikanervisie op die geskiedenis te praat. Historici durf nie meer die temas aan wat Van Jaarsveld aangepak het nie. Die vernaamste geskiedeniswerke, veral biografieë, verskyn eerder van literatuurhistorici as van historici.

Die openbare belangstelling in geskiedeniswerke wat boeiend geskryf is en interessante temas behandel, is daar. Die wyse waarop skrywers soos A.H.M. Scholtz, Karel Schoeman, André Brink, Etienne van Heerdem en Dalene Matthee

---

85 P. DE KLERK, *Geskiedenis as kultuurontwikkeling: Aspekte van die teorie en filosofie van geskiedenis* (Butterworth, Durban, 1981).

historiese temas hanteer, illustreer hierdie belangstelling. Dat die publiek steeds 'n honger het aan boeke wat die Afrikaners se geskiedenis bekendstel, blyk uit die groot aantal werke oor die Anglo-Boereoorlog wat verskyn. Weinig hiervan is deur professionele historici geskryf. Dalk is dit nie net kontak met die kontinent nie, maar ook kontak met die publiek wat verswak het. Die aandrang dat die Afrikaner se geskiedenis herplaas moet word in die konteks van 'n ander Suid-Afrika en 'n globaliserende wêreld, in die lig van die sukses van swart nasionalisme en in die lig van die ontwikkeling van nuwe historiese identiteitsbewussyn, dui die weg van die toekoms aan. Per slot van sake moet elke geslag hom binne die veranderende situasies van die dag en die eise van die toekoms, van die verlede rekenskap gee. Miskien is 'n woord van Huizinga ook hier toepaslik in 'n opstel waar hy skryf oor die voortdurende aanwesigheid van die hede in alle historiese werke:

Wat is beter voor den mensch dan de grenzen te zien wijken, in den tijd en de ruimte, van zijn eigen eng persoonlijkheid, dan zich gebonden te zien aan wat voorafging en wat volgen zal? Wat is heilzamer dan de eeuwige onvolmaaktheid en die eeuwige aspiratie te zien, de beperktheid van alle menschlijk vermogen, de afhankelijkheid ook van genie en heldendom, van hooger macht.<sup>86</sup>

Die Afrikaanse geskiedbeoefening het veel te danke aan sy Nederlands-Duitse grondslag. Die feit dat die Afrikaanse geskiedskrywing nie reg laat geskied aan ander groepe se rol in die geskiedenis nie en dat hy tot op hede nog nie voldoende aandag aan 'n geïntegreerde visie op die geskiedenis gegee het nie deur die verskillende vorme van sosiale, ekonomiese, etniese en kulturele groeperinge tot 'n sinvolle verlede-beeld te verwerk nie, kan nie aan sy kontinentale grondslag toegeskryf word nie. Dit is waar dat die Huizinga konsep van geskiedenis as kulturele rekenskap daartoe gelei het dat die aandag tot in die jare sewentig oorheersend sterk op die kulturele groei van die Afrikaner gerig is. Dit is enersyds 'n natuurlike fase en andersyds 'n gevaarlike fase as dit nie verder ontwikkel nie. Die feit dat kulturele rekenskap vir Huizinga rekenskap van die Nederlandse kultuur binne die Europese en Westerse kulturele ruimte beteken het, dat Huizinga sy doktorsale studie aan antieke Indië en die Vediese kultuur gedoen het, het nie by die eerste twee geslagte Afrikaanse geskiedskrywers inslag gevind nie. Hulle was te sterk gerig op die eie en het te sterk in terme van 'n homogene Nederland gedink. Die veelrassige Amerikaanse samelewing met sy eie erfenisse uit die tyd toe slawerny bedryf is, is eers in die jare sestig as vergelykbare entiteit vir die Afrikaanse geskiedbeoefening onder die aandag gebring. Dit is veral deur die werk van Hermann Gilliomee en 'n groot aantal Amerikaanse studente wat doktorsgrade oor onderwerpe oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis verwerf het, gedoen. Terselfdertyd het historici uit Nederland soos Robert Ross en Gerrit Schutte daartoe 'n belangrike kontinentale invalshoek gebied. Dit is 'n aanduiding dat in 'n nuwe fase van Afrikaanse geskiedbeoefening die bande met Nederland nog nie volkome afgesny is nie. Miskien lei dit 'n nuwe tydperk in.

---

86. *Cultuurhistorisch verkenningen*, p.10.

Terwyl Afrikaanse universiteite toenemend Nederlandse en Duitse studente vir deelydperke van hul nagraadse studie trek, verloop die proses nie andersom nie. Miskien het die tyd aangebreek dat historici die voorbeeld van hulle taal- en letterkunde kollegas volg en gedeelde kursusse aanbied. Dit sou dit finansieel en andersins vir Suid-Afrikaanse studente aantreklik maak om vir een of twee modules van hulle nagraadse kursusse na Nederland, Vlaandere of Duitsland te kom studeer.

### **Abstract**

#### **Continental contact and influence on Afrikaner historical practice**

This paper discusses the origin and development of the influence of Dutch, Belgium and German historical thought and traditions on Afrikaans historiography. It accounts for the formative influence of Dutch-German academic education on the first three generations of Afrikaans historians. The influence of Ranke and Huizinga in particular on individual historians and on the education of successive generations established a permanent influence on the practice of history. The pre-war continental view of the study of history as cultural manifestation, was applied at Afrikaans universities until the fifties. But the one-sided interpretation of Afrikaans historiography as dominated by Afrikaner nationalism and apartheid is shown to be in conflict with the real output of Afrikaans historiography. Different approaches were developed by individual Afrikaans historians who interpreted their continental experience of and interest in history in a variety of ways. This continental influence gradually eroded since the 1970's with the growing influence of the American historical thought in South Africa.